**I.M.S.**
**Vol. 1, No. 17**

UNIVERSITEITSBIBLIOTEEK UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH
6 MAR 1961
UNIVERSITY OF STELLENBOSCH UNIVERSITY LIBRARY

**MUNISIPALITEIT** **MUNICIPALITY**

**STELLENBOSCH**

Burgemeesterskantoor,

13 Desember 1960.

## Gevaar van Brand

Die geweldige hitte van die afgelope week en allerlei ander dinge wat ek opgelet het, laat my nogmaals 'n ernstige beroep op almal doen om besonder versigtig te wees en niks te doen wat brand kan veroorsaak nie. Dit wil my voorkom asof daar by party mense 'n gebrek aan ondervinding bestaan wanneer hulle uitkamp en vuurmaak. Ook in 'n dorp kan toestande bestaan wat die ontstaan en verspreiding van brand kan bevorder. Om sulke toestande te voorkom, bestaan daar regulasies wat dit 'n oortreding maak as binne die munisipale gebied toegelaat word dat daar plantegroei, klompies bome, bossies, onkruid of ander ontvlambare materiaal is wat na die mening van die Raad of 'n daartoe gemagtigde beampte van die Raad die verspreiding van brand kan bevorder.

Ek wil dus 'n dringende beroep op almal doen om te sorg dat ontvlambare materiaal van hul erwe verwyder word. Veral behoort ook daarop gelet te word dat onbeboude erwe nie so verwaarloos raak nie dat dit 'n bron van gevaar vir ander aangrensende erwe daarstel.

## Afskiet van Vuurwerke

In die jongste tyd het ons gehoor van ongelukke wat as gevolg van die afskiet van vuurwerke gebeur het. Daar is mense wat hulle hieroor bekommer het en die Raad is voornemens om op te tree en die munisipale regulasies toe te pas.

Die regulasies bepaal dat niemand in of op of oor 'n straat vuurwerke mag afskiet nie; ook dat niemand vuurwerke mag afskiet in enige van die parke, publieke tuine, ontspanningsgronde, plantasies en oop speelruimtes tensy die skriftelike toestemming van die Raad, onderteken deur die Stadsklerk, vooraf verkry is nie.

## Jaarverslag van die Burgemeester

Die jaarverslag is opgestel en sover as eksemplare beskikbaar is, kan dit op aansoek aan belangstellendes gegee word.

## Teer van Strate

Ek is bly om te kan sê dat die teer van sekere strate wat hierdie jaar noodsaaklik geword het, voltooi is.

## Oudste Huis op Stellenbosch

Dit is ooreengekom dat 'n grondige ondersoek moet plaasvind om vas te stel of die gebou wat ek in my vorige rubriek genoem het werklik so oud is as gedink word. Daar sal deur deskundiges en werksmense, netsoos in die geval van die Burgerhuis ook gedoen is, ondersoek word of daar tekens gevind kan word van vorige gewels en deure soos die skilderye uit die jaar 1757 dit aandui. Met die goedkeuring van die Kerkraad sal van die pleister afgeslaan word waar nodig en ook die fondamente sal ondersoek word.

Mnr. J. R. Mayes wat die Burgerhuis herbou het, en dr. Mary Cook sal spesiaal na Stellenbosch kom en lede van die Raad en mnr. J. van der Byl ontmoet. Lede van die Kerkraad wat belangstel sal ook welkom wees.

W. C. DEMPSEY.

---

23rd December, 1960.

When this issue of the Eikestadnuus appears Christmas Eve will be very near and for the next few weeks the Editor and staff will also be enjoying a well-earned rest from the worry and rush which is associated with newspaper work.

My great desire is to wish all the people of Stellenbosch a merry Christmas and a happy New Year. It is my sincere hope that not only the municipal life of the town but the life of each individual of every section of our community will be prosperous and happy. May the sentiments which the festive season arouses carry us well into and through the year 1961.

There has been no Council meeting these last days and one of the last events will be a sitting of the Valuation Court which will deal with the interim valuation for the municipal area for the year 1960.

I have referred to the happenings of the year 1960, as far as they concern Municipal undertakings, in the Eikestadnuus from time to time. A beginning was made with major extensions to municipal undertakings. Ratepayers voted large sums for the improvement of the electricity supply, water supply and complete modernisation of the sewage disposal works, also for modern abattoirs for which plans and specifications have been prepared. The original works have answered their purpose and you can be proud of those who inaugurated them and later on cared for them so well that they have met the requirements of a population which has more than doubled since the time when they were planned.

Stellenbosch has been fortunate in having men who were devoted to the interests of the Municipality, both in the Council and outside. Strong and healthy growth and development necessitated the extensions to which I have referred. Not only were new townships established but existing enterprise has developed in a remarkable degree and many a visitor has expressed his surprise at the great changes which have taken place. I am confident that the large sums which the ratepayers have voted were wisely voted and that they will meet all the requirements of the next decade or two. I have no doubt that Stellenbosch will flourish and go from strength to strength. It is our earnest endeavour to plan wisely and well ahead. There is no better way of economising and avoiding all fruitless expenditure.

I would like to express my sincere thanks for the great co-operation which has been extended to me by all the people of Stellenbosch and in particular also to my fellow-councillors and all the municipal employees.

I am glad to be able to say that relationships with sister local authorities and the Province and the Union Government have never been more cordial.

W. C. DEMPSEY

---

27 Januarie 1961.

**DIE JAAR 1961**

Op 24 Januarie het die Stadsraad weer vergader nadat 'n Aksiekomitee gedurende die vakansietyd sake van die munisipaliteit wat dringende aandag geverg het, behartig het. Die agenda was nogal lywig en die geleentheid sal hom bied om in die volgende uitgawe een en ander te vertel.

Ek hoop dat almal gedurende die Kersfees en Nuwe Jaar 'n aangename tyd deurgebring het en ook geleentheid gehad het om uit te rus voordat die werksaamhede van die volgende jaar begin het.

## VELD- EN BOSBRANDE

Gedurende die afgelope paar dae was daar etlike berigte van verwoestende brande in Kaapstad en elders.

Stellenbosch was betreklik gelukkig want afgesien van die brand op Papegaaisberg waar 'n mate van skade aangerig is, het daar sover slegs 'n paar kleiner brande plaasgevind.

Dat die brande nie uit beheer geraak het nie, is grootliks te danke aan die nuwe radio-installasies op die rytuie van die bosboudepartement. Dit is baie gerusstellend om te weet dat in geval van gevaar feitlik dadelik met die betrokke beamptes in aanraking gekom kan word, om uit te vind waar hulle is en om hulle op te roep om te gaan help. Dit is seker dat sonder die installasies, die skade op Papegaaisberg baie groter sou gewees het. Toe van die brand verneem is, was die rytuie op ander plekke — sommige was besig met 'n ander brand en aan hulle kon beveel word wat om te doen. Die belangrikste is egter dat die nodige maatreëls vir die bestryding van die brand op Papegaaisberg dadelik getref kon word.

'n Verdere voordeel is dat dit moontlik is om van 'n punt af wat die beste oorsig oor die hele gebied verskaf, die nodige bevele te kan gee wat om te doen.

Aangesien daar by die Jonkershoek Bosboudepartement soortgelyke installasies is, kan dadelik ook daar om hulp gevra word.

## WATERVOORRAAD

Alhoewel die weer warm was en dit maar droog bly, is dit gerusstellend om te weet dat daar geen rede bestaan om bekommerd te wees oor ons watervoorraad nie.

## KLEURLINGARBEID EN KLEURLINGBEHUISING

Dit is die beleid van die Raad en waarskynlik ook van die publiek, om voorkeur te gee aan Kleurlingarbeid om sodoende die instroming van naturelle tot die absoluut noodsaaklike minimum te beperk. 'n Naturelle-arbeidsburo bestaan in Kaya Mandi wat dit soveel geriefliker maak vir werkgewers om daar vir arbeid aan te klop. Die vraag is gestel of 'n soortgelyke buro nie ook vir Kleurlinge gestig moet word nie. Onderhandelings het alreeds plaasgevind, maar om die regte beslissing te kan neem is dit altyd nodig om 'n opname van die toestand te maak.

Ek is bly om te kan meedeel dat die opname voltooi is sowel vanuit die oogpunt van die arbeidsmark as vanuit die oogpunt van behuisingsvraagstukke beskou. Wanneer dit tot die daarstelling van groepsgebiede kom sal dit baie nodig wees om presies te weet wat die behoeftes van huise vir die Kleurling-gemeenskap is.

**RIOOLAANSLUITINGS**

Dit is gevind dat van die riole op privaat-grond nogal in betreklik baie gevalle baie verwaarloos word. Dit lei nie slegs tot insyfering van water in die rioolpype wat moeilikheid by die reinigingswerke veroorsaak nie maar ook tot verstoppings wat baie ongewenste toestande kan skep en ook baie moeilik is om weer oop en skoon te kry. Dit sal baie goed wees as almal na die huisaansluitings sal kyk en help om te voorkom dat die Stadsraad in sy belang en in die belang van die betrokke eienaars, moet ingryp.

W. C. DEMPSEY.

---

3rd February, 1961

**THE OLD THATCHED ROOF COTTAGE IN ALEXANDER STREET OPPOSITE THE BURGERHUIS**

The Council has been given transfer of this property. Its future will be discussed at the next meeting of the Museums Committee which is to take place on the 14th February, 1961.

**"LANDSDIENS" CAMP**

The Council has entered into discussions with the Department of Soil Conservation in regard to a piece of land in the vicinity of the Jonkershoek picnic area for future "landdiens" camp purposes.

**PLANTATION FIRE**

On the 30th December, 1960, a fire occurred on Papegaaiberg. By means of this review I would like to pay tribute to the Jonkershoek Forestry Department for its co-operative help which was readily made available to combat this fire. The Council, at the last meeting, placed on record its appreciation.

**KARINDAL TOWNSHIP**

Council has been informed that Karindal which forms an extension of Mostertsdrift, has been included within the municipal boundaries.

**IRRIGATION WATER**

The Town Treasurer's office receives many enquiries in regard to this matter. Many riparian owners are still under the impression that it is the Municipality's duty to see to it that nobody else takes their water during the time allotted by the irrigation water time tables. Nothing, however, can be done in such a case. The Water Court judgement distinctly says that it is the duty of the Municipality to operate sluices which will turn irrigation water into furrows along which the riparian owners have their own sluices and the Municipality is specifically not held responsible for any overt act.

**UNIVERSITY EXTENSIONS**

Both the University and the Municipality have realised that it would be in their joint interests to co-operate in the planning of further developments and to avoid haphazard extensions which would unnecessarily aggravate problems such as those which traffic control already presents. Meetings between the Rector and members of the University staff and representations of the Council and officials have already taken place.

**JAN MARAIS PARK**

The Council has decided to provide some parking space at Jan Marais Park and the suggestion is being investigated that the opportunity be seized of providing the park with a more dignified and attractive entrance from the eastern end of Victoria Road.

**LOUD SPEAKER SYSTEM FOR THE TOWN HALL**

The Council has decided to accept the tender of S.A. Orrelbouers for their sound equipment for the Town Hall; the costs are approximately £800.

**SITE FOR THE MENTALLY RETARDED**

The ratepayers having made their decision as to the granting of the site suggested by the Council, the matter is now being considered by the Provincial Administration.

**PUBLICITY**

The local Publicity Association has thanked the Council for the co-operation extended to it by making available an office and a member of the municipal staff to deal with publicity matters. I am also glad to mention that a large number of visitors, particularly during the holiday period, drifted into this

office asking for advice and taking with them the brochure which the Council has made available.

**THE BURGERHUIS**

I am glad to be able to state, that the deed of transfer of the Burgerhuis to the Council has been received.

W. C. DEMPSY

---

10 Februarie 1961.

**PRYSUITDELING AAN KLEURLING-SKOLIERE**

In die afwesigheid van my en die Burgemeestersvrou het raadslid Murray Booysen en sy eggenote die Raad verteenwoordig op 'n uitdeling van pryse aan Kleurlingleerlinge in die Banketsaal wat tot die beskikking van die organiseerders van die funksie deur die welwillende ondersteuning van Rembrandt-Tabakkorporasie gestel is. Boekpryse goedgunstiglik geskenk deur raadslid C. F. D. Smit is oorhandig aan 'n aantal Kleurlingkinders van Stellenbosch wat in hul studies, selfs in inrigtings buite Stellenbosch, geslaag het. Goeie opvoedkundige toesprake is gelewer waarna met aandag deur die met ouers, belangstellendes en kinders volgepakte saal geluister is.

Die pryswenners is gelukgewens; die wat nie geslaag het nie is aangeraai om nie moed te verloor nie en te volhard in hul pogings om 'n goeie opvoeding te kry. Die aandag van almal is gevestig op die pligte en werk wat hierdie jong mense voorlê.

Raadslid Booysen deel my mee dat hy en sy vrou baie gunstig beïndruk is met die waardigheid van die funksie wat so goed gereël is dat alles op geoliede wiele van stapel geloop het. Mnr. Williams en sy komitee kan voorwaar gelukgewens word op 'n baie waardevolle en suksesvolle geleentheid om goeie opvoedkundige werk te doen.

**DESIMALISASIE: SLUITING VAN TESOURIERSKANTORE**

Net soos in die geval van die banke is dit noodsaaklik dat die Tesourier en sy personeel alles in verband met desimalisasie moet regkry. Die kantore van die Stadstesourier se departement sal dus gesluit moet bly vanaf Vrydag, 10 Februarie 1961 tot Maandag, 13 Februarie 1961, insluitende.

**SANATORIUMSAKE**

Miskien is die publiek nie daarvan bewus dat daar weer reëlings getref is vir die opname van koorsgevalle in die plaaslike Sanatorium nie. Vir 'n lang tyd is daar slegs teringgevalle toegelaat en moes ander aansteeklike siektes in die reël in

Kaapstad opgeneem word. Hierdie reëling het heelwat ongerief vir die publiek meegebring en telkens is daar ook gevind dat daar geen akkommodasie in Kaapstad beskikbaar was nie. Die uniale Departement van Gesondheid het dan ook baie uitdruklik te kenne gegee dat die Munisipaliteit van Stellenbosch self verantwoordelik is vir die afsondering van sy aansteeklike siektes en nie hulp elders moet soek nie. Die Stadsraad vertrou dat die fasiliteite wat tans vir hierdie doel by die Sanatorium beskikbaar is, in ons behoeftes sal voorsien. Dit beteken egter dat daar nou minder teringgevalle opgeneem kan word, maar samesprekings met die Departement sal hopelik in die nabye toekoms gevoer word om vas te stel of dit nie moontlik sal wees om hierdie posisie in die reine te bring nie. Dit sou verkieslik wees as daar byvoorbeeld 'n nuwe eenheid gebou kan word wat spesiaal vir koorsgevalle ingerig is, maar op hierdie stadium is dit nie moontlik om te sê wat gedoen sal word nie.

**DIE OU MEUL**

Die publiek het waarskynlik al daarvan bewus geword dat die eiendom waarop die ou meul staan (reg teenoor Meulplein) van eienaars gewissel het en dat die ou geboue aldaar waarskynlik plek sal moet maak vir 'n moderne winkel.

Die Stadsraad het dadelik kennis geneem van hierdie verwikkelinge en beraadslaag oor die vraag van hoe die ou meul vir die nageslag bewaar kan word. Gelukkig is die kopers van die perseel heeltemal gewillig om saam te werk en ek vertrou stellig dat ons die nodige reëling sal kan tref om die gedenkwaardighede te red. Die onderhandelinge gaan voort en ons sal probeer om die publiek op hoogte van sake te hou.

**NUWE WERKE**

'n Tyd gelede het ek melding gemaak van kontrakte vir munisipale konstruksiewerk wat aangepak word en ek sal binnekort die geleentheid hê om oor die vordering hiervan te rapporteer.

Wat nuwe werke betref, kan 'n beslissing omtrent die bou van die nuwe slagpaal binnekort verwag word.

Ons netwerk van hoofstrate geniet dringende aandag en dit behoort nie meer lank te wees nie voordat met die bou van die brug oor Du Toitstasie 'n begin gemaak word.

W. C. DEMPSEY.

PRO EC.